AfriForum

# ASSESSERINGSINSTRUMENT vir plaasbeveiliging

| Nr. | Veiligheidsaspek | Ja | Nee | Opmerkings | Voorneme |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Is daar effektiewe kommunikasie met omliggende boere en die plaaswag? | | | | |
| 2. | Is daar reeds 'n bygewerkte gebeurlikheidsplan/noodplan vir tye van nood? | | | | |
| 3. | Maak die noodplan voorsiening vir alle tipe noodsituasies wat kan ontstaan? | | | | |
| 4. | Word noodplanne ingeoefen? | | | | |
| 5. | Ken almal, insluitende die werknemers, die inhoud van die noodplan? | | | | |
| 6. | Is daar meer as een toegangsroete tot die plaas? | | | | |
| 7. | Kan toegangsroetes na die plaas vinnig afgesny word indien dit vlugroetes word? | | | | |
| 8. | Word ontsnappingsroetes gemoniteer? | | | | |
| 9. | Kan 'n misdadiger oor die omheining klim? | | | | |
| 10. | Is bome en struike onder skoon gesnoei? | | | | |
| 11. | Is daar groot bome teen die heining/muur wat dit maklik maak om oor te klim? | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 12. | Is daar struike/lang gras teen die buitekant van die muur of heining wat wegkruipplek kan verskaf? | | | | |
| 13. | Word heinings/drade gereeld geïnspekteer om vas te stel of dit beskadig/geknip is? | | | | |
| 14. | Is daar afstandbeheerde hekke? | | | | |
| 15. | Is daar 'n interkom met 'n kamera aan die buitekant van die toegangshek? | | | | |
| 16. | Is daar diefwering aangebring wat indringers kan uithou? | | | | |
| 17. | Kan die inwoners reg rondom die woning ry voordat hulle ingaan? | | | | |
| 18. | Kan inwoners veilig van die motor tot in die huis kom? Is daar m.a.w. 'n verbindingsdeur tussen die motorhuis en die huis? | | | | |
| 19. | Is daar afstandbeheerde motorhuisdeure? | | | | |
| 20. | Word werknemers bo minimum salarisskaal besoldig? Watter ander alternatiewe is daar en is die werknemers bewus dat dit 'n alternatief tot vergoeding is? | | | | |
| 21. | Is moontlike "moeilikheidmakers" geïdentifiseer en word hulle anders hanteer? | | | | |
| 22. | Is daar 'n kluis? | | | | |
| 23. | Is die kluis versteek en die kluissleutels (indien enige) op 'n veilige plek gebêre? | | | | |
| 24. | Is daar 'n veilige vertrek in die huis waar die gesin kan wegkruip in geval van 'n aanval? | | | | |
| 25. | Word die slaapkamers deur sekuriteitshekke van die res van die huis geskei? | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 26. | Is daar effektiewe kommunikasie met plaaslike buurtwagte, privaat sekuriteit en die SAPD? | | | | |
| 27. | Is daar goeie selfoonopvangs? | | | | |
| 28. | Is daar landlyne? | | | | |
| 29. | Is daar betroubare alternatiewe kommunikasie, byvoorbeeld tweerigting-radio's? | | | | |
| 30. | Is daar kommunikasie met 'n sentrale beheerkamer? | | | | |
| 31. | Word die radionetwerk 24 uur per dag gemoniteer? | | | | |
| 32. | Is daar stralebundels ("beams") buite? | | | | |
| 33. | Is die buite-alarm aan spreiligte gekoppel? | | | | |
| 34. | Kan die omheining gemoniteer word (GKTV)? | | | | |
| 35. | Is daar 'n reaksie-eenheid wat kan reageer op 'n noodoproep? | | | | |
| 36. | Is daar 'n werkende WhatsApp-groep of alternatief tussen bure? | | | | |
| 37. | Is die honde wakker, opgelei en veilig (kan nie vergif word nie)? | | | | |
| 38. | Is sekuriteitsbeligting aan die buitekant van geboue aangebring? | | | | |
| 39. | Word die buiteligte deur middel van 'n fotosel geaktiveer? (skakel outomaties aan sodra die liggehalte swak is) | | | | |
| 40. | Skyn die spreiligte na buite? | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 41. | Word GKTV-kameras gebruik? | | | | |
| 42. | Is daar gruis om die huis vir vroeë waarskuwing? | | | | |
| 43. | Is daar 'n noodplan in die geval van 'n geluid wat buite gehoor word of as daar vreemde besoekers opdaag? | | | | |
| 44. | Lyk die huis versterk van buite? Wat is aangebring om dit te laat uitstaan? Waarskuwingsborde? | | | | |
| 45. | Is daar 'n soliede of vibracrete-muur om die woning? | | | | |
| 46. | Behoort die bewoners aan 'n veiligheidstruktuur (plaaswag/buurtwag)? | | | | |
| 47. | Neem die bewoners deel aan die aktiwiteite van die veiligheidstruktuur? | | | | |
| 48. | Bestaan daar 'n formele bestuurstruktuur in die veiligheidstruktuur? | | | | |
| 49. | Word lede formeel die taak opgelê en geskeduleer vir patrollies? | | | | |
| 50. | Is daar kommunikasie tussen patrollielede? | | | | |
| 51. | Weet elke lid presies wat sy verantwoordelikhede is en hoe om op te tree ten tyde van 'n insident? | | | | |
| 52. | Het die veiligheidstruktuur gebeurlikheidsplanne? | | | | |
| 53. | Vertrek/kom al die inwoners daagliks op dieselfde tyd tuis? | | | | |
| 54. | Indien eienaar lone in kontant betaal, weet werknemers op watter dae dit getrek word en waar dit toegesluit word? | | | | |
| 55. | Word grond gereeld omgespit/gevee sodat spore raakgesien kan word? | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 56. | Word groot hoeveelhede kontant in die huis gehou? | | | | |
| 57. | Is vuurwapens in die kluis toegesluit wanneer die eienaar dit nie aan sy/haar lyf dra nie? | | | | |
| 58. | Is almal in die huishouding opgelei om die beskikbare vuurwapens te gebruik? | | | | |
| 59. | Bestaan daar diensbare omheinings wat hoog genoeg (sowat 2 meter) is? | | | | |
| 60. | Is die toestand van die heinings só dat dit ’n doeltreffende afskrikmiddel is? | | | | |
| 61. | Is moontlike elektriese heinings funksioneel en veilig vir nie-indringers? | | | | |
| 62. | Is daar brandbane om die huis/erf? | | | | |
| 63. | Is daar voldoende brandblustoerusting beskikbaar? | | | | |
| 64. | Beskik alle inwoners van die huis oor die bure se kontakbesonderhede? | | | | |
| 65. | Word die paniekknoppie wat die sekuriteitsmaatskappy aktiveer gereeld getoets? | | | | |
| 66. | Is daar doeltreffende veiligheidshekke binne en buite? | | | | |
| 67. | Is veiligheidshekke SABS-goedgekeur? | | | | |
| 68. | Word veiligheidshekke gesluit? | | | | |
| 69. | Beskik die veiligheidshekke oor toeslaanslotte (“slam locks”)? | | | | |
| 70. | Is daar snags beveiliging soos byvoorbeeld waghonde op die perseel? | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 71. | Is daar 'n hond wat snags in die huis slaap? | | | | |
| **Totaal Ja's en Nee's** | | | | | |

**Watter fokusareas het jy geïdentifiseer waarop jy kan verbeter?**

